

## Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA GRAIN SA	DATUM 2019/07/15		DATUM 2019/07/12		+ - WEEK GELEDE 2019/07/08		+ - MAAND GELEDE 2019/06/18		+ - JAAR GELEDE 2018/07/16		
	Data		Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent (\$/b)	66.71	-0.29	-0.4%	67.00	3.4%	64.49	11.3%	59.94	-7.2%	71.86	
US\$: ? ZAR	13.93	-0.040	-0.3%	13.97	-2.0%	14.22	-5.7%	14.77	5.6%	13.19	
ACBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 464.49	3	0.1%	R 2 461.66	*CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Jul + -12 : 00 the previous day						
ACBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 744.49	-8	-0.3%	R 2 752.37	*CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Jul + -12 : 00 the previous day						
ACBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 640.34	40	0.9%	R 4 600.28	*CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Jul + -12 : 00 the previous day						
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)											
Mielies Jul '19	449.40	1.80	0.4%	447.60	4%	434.00	-1%	454.60	18%	380.60	
Koring Jul '19	536.20	0.00	0.0%	536.20	3%	519.20	-1%	539.40	0%	535.20	
Sojabone Jul '19	906.60	10.40	1.2%	896.20	4%	872.20	-1%	912.60	3%	884.00	
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))											
SORGHUM	3280.00	0	0.0%	3280.00	0.0%	3280.00	0.0%	3280.00	0.9%	3250.00	
WMAZ Spot	2937.00	38	1.3%	2899.00	0.7%	2918.00	2.1%	2876.00	50.0%	1958.00	
WMAZ Sep '19	2999.00	45	1.5%	2954.00	1.2%	2963.00	3.4%	2901.00	49.7%	2004.00	
YMAZ Spot	2822.00	33	1.2%	2789.00	-1.2%	2855.00	-1.6%	2867.00	39.4%	2024.00	
YMAZ Sep '19	2880.00	35	1.2%	2845.00	-1.1%	2912.00	-0.2%	2887.00	38.6%	2078.00	
SOY Spot	5334.00	9	0.2%	5325.00	-0.3%	5348.00	-3.8%	5543.00	28.7%	4145.00	
SOY Sep '19	5408.00	17	0.3%	5391.00	-0.8%	5452.00	-3.2%	5584.00	27.9%	4227.00	
SUN Spot	5084.00	-7	-0.1%	5091.00	-2.6%	5220.00	-2.8%	5231.00	14.4%	4445.00	
SUN Sep '19	5195.00	-29	-0.6%	5224.00	-3.6%	5389.00	-1.2%	5260.00	14.2%	4548.00	
WHEAT Spot	4526.00	13	0.3%	4513.00	0.9%	4485.00	1.5%	4459.00	12.4%	4026.00	
WHEAT Sep '19	4508.00	-2	0.0%	4510.00	0.6%	4480.00	0.7%	4475.00	10.2%	4090.00	
OLIESADE (US\$/ton)	2019/07/12	Bron: Oilworld			2019/07/05	2019/03/22	2018/04/30				
Soya-oil, Arg.	640				3.4%	619	-7%	685	-5%	676	
Soya-pell, Arg.	321				-0.6%	323	-2%	326	-13%	368	
Soybean, USA	377				1.1%	373	-1%	379	-8%	410	
USA Runner 40/50	1325				0.0%	1325	2%	1300	2%	1300	
Sun-oil, Arg.	730				1.4%	720	10%	665	-9%	800	
Sun-oil, Black Sea	745				2.8%	725	10%	675	-1%	750	
Sunseed,Black Sea	340				-2.3%	348	-8%	370	-17%	409	
Rapeseed, EU cif	417				-0.5%	419	0%	417	5%	399	
Palmk oil Mal, EU	538				-3.1%	555	-25%	720	-48%	1037	

### JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

**Sojabone:** In die internasionale sojaboonmark is die grootste onsekerheid in die mark steeds die verwagte Amerikaanse produksie vir die seisoen. Die seisoen se aanplantings in die USA het baie moeilik plaasgevind as gevolg van oornat toestande en die produksieverwagtinge is steeds baie onseker. In die nuutste WASDE verslag wat verlede week bekend gemaak is Amerikaanse sojaboon opbrengs vir die seisoen op 48.5 skepels per akker geskat, wat afdwaarts aangepas is vanaf die vorige maand se skatting. In Brasilië is die sojaboon uitvoere besig om af te neem wat die fokus vir die wêreld vraag hoofsaaklik na die USA en Argentinië toe verskuif. Die Brasiliaanse sojaboon uitvoere het gedurende die eerste week van Julie gedaal tot ongeveer 1.76 miljoen ton wat aansienlik laer is as dieselfde tyd verlede jaar. Die verwagting is dat die Amerikaanse en Argentynse sojaboon uitvoere in die volgende paar weke aansienlik sal toeneem met China wat die grootste koper van hierdie lande se sojabone behoort te wees. Die verwagting is dat China se totale sojaboon invoere vir Junie en Julie ongeveer 16% hoër behoort te wees as die vorige seisoen se invoere teen dieselfde tyd van die jaar. In die nuutste WASDE verslag is die wêreld sojaboon produksie op 347 miljoen ton geskat wat 2.25% laer is as die vorige maand se skatting. Die wêreld eindvoorraad vir die seisoen word op 104.53 miljoen ton geskat wat ongeveer 7.2% laer is as die vorige seisoen se skatting. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week gemeng verhandel, maar het later in die week onder druk gekom en het laer gesluit vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

**Sonneblomsaad:** Die wêreld sonneblomsaad olie uitvoere vir die seisoen lyk baie positief en behoort nuwe hoogtepunte te bereik. Die totale wêreld sonneblomsaad olie uitvoere het tussen Januarie en Mei 2019 5.3 miljoen ton bereik wat 21% meer is as die vorige seisoen se uitvoere teen dieselfde tyd van die jaar. Die Oekraïne en Rusland se uitvoere gedurende hierdie tyd van 2.77 miljoen ton en 1.3 miljoen ton onderskeidelik. Dit is 14% en 35% meer as die vorige seisoen se uitvoere teen dieselfde tyd van die jaar. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week onder druk gekom en het laer gesluit vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

**Kanola:** In Kanada is die produksietoestand besig om te verbeter en dit tesame met die laer uitvoere wat vanaf Kanada plaasvind plaas addisionele druk op die Kanadese kanola pryse. Die Kanadese uitvoere vir die laaste week van Junie was slegs 140 000 ton wat die laagste uitvoere in die afgelope 5 weke was. In die EU lyk die produksietoestand tans nie goed nie en die pryse in die EU het versterk wat die premie tussen die EU en Kanadese pryse nou verder laat vergroot het. **Plaaslik:** In die plaaslike konteks is die wintergraan seisoen aan die gang en die omstandighede in die Weskaap is redelik gemeng. In sommige gedeeltes is die produksieomstandighede goed terwyl ander gedeeltes steeds reën kort.

**Grondbone:** In die nuutste USDA produksievorderingsverslag word gerapporteer dat die grondboon produksietoestande 68% goed tot uitstekend is. Dit is onveranderd gelaat vanaf die vorige week se skatting en ook gelyk aan die vorige seisoen se produksietoestande teen dieselfde tyd van die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike grondboon produksie vir die seisoen is glad nie goed nie en dit totale produksie word op 20 580 ton geskat.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za